G 68 G
s. 559

GOVT PUBL
31 MAY 1996
UCT LIBRARIES

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 370 — CAPE TOWN, 12 APRIL 1996 — KAAPSTAD, 12 APRIL 1996 — No. 17100

PRESIDENT'S OFFICE

No. 597. 12 April 1996

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 10 of 1996: International Air Services Amendment Act, 1996.

KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 597. 12 April 1996

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 10 van 1996: Wysigingswet op Internasionale Lugdienste, 1996.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the International Air Services Act, 1993, so as to amend certain definitions and to define certain expressions; to further regulate the operation of an international air service; to extend the conditions under which a licensee has to apply for the amendment of a licence; to further regulate the processing of a licence and permit; to further regulate the adjudication of an application for a licence or amendment thereof; to extend the conditions under which a licence is issued; to further regulate the duties of the licensee; to extend the conditions upon which a permit is issued; to provide for the approval of an operations manual; to further regulate certain offences and penalties; and to extend the power of the Minister to make regulations; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 3 April 1996.)*

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 60 of 1993**

**1.** Section 1 of the International Air Services Act, 1993 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution in paragraph *(a)* of the definition of "airport" for subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(ii) is a port of entry referred to in section 1**[*(c)*]** of the **[Admission of Persons to the Republic Regulation Act, 1972 (Act No. 59 of 1972)]** Aliens Controls Act, 1991 (Act No. 96 of 1991); or";

*(b)* by the insertion after the definition of "appropriate authority" of the following definitions:

" 'authorized officer' means an authorized officer as defined in section 1 of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962);

'close corporation' means a close corporation as defined in section 1 of the Close Corporations Act, 1984 (Act No. 69 of 1984);";

*(c)* by the insertion after the definition of "Commissioner for Civil Aviation" of the following definition:

" 'company' means a company as defined in section 1 of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);";

*(d)* by the insertion after the definition of "foreign licence" of the following definition:

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993, ten einde sekere omskrywings te wysig en sekere uitdrukkings te omskryf; die bedryf van 'n internasionale lugdiens verder te reël; die voorwaardes waaronder 'n lisensiehouer aansoek moet doen om die wysiging van 'n lisensie uit te brei; die verwerking van 'n lisensie en permit verder te reël; die beslissing oor die aansoek om 'n lisensie of die wysiging daarvan verder te reël; die voorwaardes waarop 'n lisensie uitgereik word, uit te brei; die pligte van 'n lisensiehouer verder te reël; die voorwaardes waarop 'n permit uitgereik word, uit te brei; voorsiening te maak vir die goedkeuring van 'n bedryfshandleiding; sekere misdrywe en strawwe verder te reël; en die bevoegdheid van die Minister om regulasies uit te vaardig, uit te brei; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 3 April 1996.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 60 van 1993**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Internasionale Lugdienste, 1993 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van "bedryfsertifikaat" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'bedryfsertifikaat' 'n bedryfsertifikaat ingevolge artikel 31(2) uitgereik of ingevolge artikel **[46(1)]** 47(1) geag aldus uitgereik te wees;";

(*b*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "bedryfsertifikaat" in te voeg:

" 'beslote korporasie' 'n beslote korporasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984);";

(*c*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "buitelandse lisensie" in te voeg:

" 'gemagtigde beampte' 'n gemagtigde beampte soos omskryf in artikel 1 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962);";

(*d*) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "hierdie Wet" in te voeg:

" 'inspector' means an inspector as defined in section 1 of the Aviation Act, 1962 (Act No. 74 of 1962);";

*(e)* by the substitution for the definition of "licence" of the following definition:

" 'licence' means an international air service licence referred to in section 13(1) or **[46(1)]** 47(1);";

*(f)* by the substitution for the definition of "licensee" of the following definition:

" 'licensee' means the person to whom a licence has been issued in terms of section 17(2) or (4) or deemed in terms of section **[46(1)]** 47(1) to have been so issued;"; and

*(g)* by the substitution for the definition of "operating certificate" of the following definition:

" 'operating certificate' means an operating certificate issued in terms of section 31(2) or deemed in terms of section **[46(1)]** 47(1) to have been so issued;".

**Amendment of section 13 of Act 60 of 1993**

**2.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Subject to the provisions of this Act, no person shall use or attempt to use an aircraft to operate an international air service, except under and in accordance with the terms and subject to the conditions of an international air service licence issued to that person in terms of this Act or deemed to have been so issued."; and

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(7) The council may upon application, exempt any applicant from the provisions of subsection (1) or from any other provision of this Act if, in the opinion of the council, the applicant is operating or proposes to operate an international air service on a non-profit basis for purposes incidental to social welfare or charity, or for purposes of salvage on humanitarian grounds, or where the granting of the exemption will assist in saving life.

(8) Any exemption granted under subsection (7) shall be limited so as to apply only in respect of one or more aircraft, or one or more particular routes, journeys or transactions, and shall be limited as to time, area or distance, or otherwise as the council may deem fit.

(9) The council shall publish the prescribed particulars in respect of each exemption referred to in subsection (7) which was granted for a period of 90 days or more by notice in the *Gazette*.".

**Amendment of section 15 of Act 60 of 1993**

**3.** Section 15 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

"(2A) If a licensee desires to—

*(a)* in the case of a partnership, amend the particulars of any partner associated in the partnership;

*(b)* in the case of a close corporation—

(i) amend the particulars of any member associated in the close corporation; or

(ii) amend its legal status by means of a conversion into a company in terms of section 29C of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973);

*(c)* in the case of a company—

(i) amend the controlling shareholding of the company; or

(ii) amend its legal status by means of a conversion into a close

" 'inspekteur' 'n inspekteur soos omskryf in artikel 1 van die Lugvaartwet, 1962 (Wet No. 74 van 1962);";

*(e)* deur die omskrywing van "lisensie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'lisensie' 'n internasionale lugdienslisensie in artikel 13(1) of **[46(1)]** 47(1) bedoel;";

*(f)* deur die omskrywing van "lisensiehouer" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'lisensiehouer' die persoon aan wie 'n lisensie ingevolge artikel 17(2) of (4) uitgereik is of aan wie die lisensie ingevolge artikel **[46(1)]** 47(1) geag word uitgereik te wees;";

*(g)* deur in paragraaf *(a)* van die omskrywing van "lughawe" subparagraaf (ii) deur die volgende subparagraaf te vervang:

"(ii) 'n toegangspoort bedoel in artikel 1**[*(c)*]** van die **[Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek, 1972 (Wet No. 59 van 1972)]** Wet op Vreemdelinge-beheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991), is; of"; en

*(h)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "lugvervoerooreenkoms" in te voeg:

" 'maatskappy' 'n maatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973);".

**Wysiging van artikel 13 van Wet 60 van 1993**

**2.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag niemand 'n lugvaartuig gebruik om 'n internasionale lugdiens te bedryf of poog om dit te gebruik nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig die bepalings en onderworpe aan die voorwaardes van 'n internasionale lugdienslisensie wat aan so iemand ingevolge hierdie Wet uitgereik is of geag word aldus uitgereik te wees."; en

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(7) Die raad kan op aansoek, 'n aansoeker vrystel van die bepalings van subartikel (1) of van enige ander bepaling van hierdie Wet, indien na die oordeel van die raad, die aansoeker 'n internasionale lugdiens op 'n nie-winsgewende grondslag bedryf, of voornemens is om dit te bedryf, vir doeleindes wat verband hou met maatskaplike welsyn of liefdadigheid, of vir doeleindes van reddingswerk uit menslikheidsoorwegings, of waar die verlening van die vrystelling daartoe sal bydra om lewens te red.

(8) Enige vrystelling kragtens subartikel (7) verleen, word beperk om slegs op een of meer lugvaartuie, of een of meer bepaalde roetes, lugreise of transaksies van toepassing te wees, en word beperk met betrekking tot tyd, gebied of afstand, of andersins na goeddunke van die raad.

(9) Die raad publiseer die voorgeskrewe besonderhede ten opsigte van elke vrystelling bedoel in subartikel (7) wat vir 'n tydperk van 90 dae of langer verleen is by kennisgewing in die *Staatskoerant*.".

**Wysiging van artikel 15 van Wet 60 van 1993**

**3.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Indien 'n lisensiehouer—

*(a)* in die geval van 'n vennootskap, die besonderhede van enige vennoot verbonde aan die vennootskap;

*(b)* in die geval van 'n beslote korporasie—

(i) die besonderhede van enige lid verbonde aan die beslote korporasie; of

(ii) die regstatus daarvan by wyse van 'n omskepping in 'n maatskappy ingevolge artikel 29C van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973);

*(c)* in die geval van 'n maatskappy—

(i) die beherende aandeelhouding van die maatskappy; of

(ii) die regstatus daarvan by wyse van 'n omskepping in 'n beslote

corporation in terms of section 27 of the Close Corporations Act, 1984 (Act No. 69 of 1984);

*(d)* amend the particulars of the prescribed personnel appointed by the licensee to be responsible and accountable for the safety and reliability of the international air service,

he, she or it shall apply to the council on the prescribed form for such amendment."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(4) An application for exemption from the provisions of section 17(5)*(c)* shall be made to the council on the prescribed form.".

**Amendment of section 16 of Act 60 of 1993**

**4.** Section 16 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Any person may in writing address representations in the prescribed manner to the council against or in favour of such application within 28 days after the publication of the notice referred to in subsection (1), or such longer period as the council may allow on good cause shown.".

**Amendment of section 17 of Act 60 of 1993**

**5.** Section 17 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (3) after paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a*A) (i) At such meeting the council may serve on the applicant a written request for further particulars to be supplied within 90 days.

(ii) The particulars so supplied shall be open for inspection by the persons referred to in paragraph *(a)* until the subsequent meeting date contemplated in subparagraph (iii).

(iii) If the council requests such further particulars the meeting shall be adjourned to any subsequent date in order to hear further arguments against or in favour of such application, taking into account the further particulars referred to in subparagraph (i).";

*(b)* by the substitution for subsection (10) of the following subsection:

"(10) The council may, in its discretion, exempt an applicant from the provisions of subsection (5)*(c)* if the council is satisfied that such applicant complies with the prescribed requirements in respect of such aircraft and issue or amend the licence concerned subject to the conditions the council deems fit regarding the operation and maintenance of that aircraft."; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(14) *(a)* If an applicant ignores an order contemplated in subsection (3)*(a)* to appear before the council at a meeting or fails to appear on two successive occasions without furnishing reasons to the satisfaction of the council, or if an applicant fails to respond to a request contemplated in subsection (3)*(a*A)(i), and thereby delays the final adjudication of such application, the council may in its discretion order that the application be struck off the roll whereupon the applicant shall forfeit the application fee paid.

*(b)* If an application is struck off the roll in terms of paragraph *(a)* the applicant shall not be allowed to proceed on the same papers, but shall lodge a new application if he, she or it wishes to proceed therewith.".

**Amendment of section 22 of Act 60 of 1993**

**6.** Section 22 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The licensee shall—

*(a)* notify the Commissioner for Civil Aviation, in the prescribed manner, before any change is effected to the particulars on his, her or its operating certificate;

korporasie ingevolge artikel 27 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet No. 69 van 1984);

*(d)* die besonderhede van die voorgeskrewe personeel wat deur die lisensiehouer aangestel is om vir die veiligheid en betroubaarheid van die internasionale lugdiens verantwoordelik en aanspreeklik te wees,

wil wysig, doen hy of sy op die voorgeskrewe vorm by die raad vir sodanige wysiging aansoek."; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4) 'n Aansoek om vrystelling van die bepalings van artikel 17(5)*(c)*, word op die voorgeskrewe vorm by die raad gedoen.".

**Wysiging van artikel 16 van Wet 60 van 1993**

**4.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Enige persoon kan, binne 28 dae nadat die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, gepubliseer is, of sodanige langer tydperk as wat die raad by die aanvoer van goeie gronde toelaat, op die voorgeskrewe wyse skriftelike vertoë tot die raad teen of ten gunste van sodanige aansoek rig.".

**Wysiging van artikel 17 van Wet 60 van 1993**

**5.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (3) na paragraaf *(a)* die volgende paragraaf in te voeg:

"*(a*A) (i) Die raad kan op sodanige vergadering 'n skriftelike versoek om verdere besonderhede, vir verskaffing binne 90 dae, op die aansoeker dien.

(ii) Die besonderhede aldus verskaf, is tot op die datum van die daaropvolgende vergadering in subparagraaf (iii) beoog ter insae beskikbaar vir die persone in paragraaf *(a)* bedoel.

(iii) Indien die raad sodanige verdere besonderhede versoek, word die vergadering verdaag na 'n daaropvolgende datum ten einde verdere argumente teen of ten gunste van sodanige aansoek aan te hoor, met inagneming van die verdere besonderhede in subparagraaf (i) bedoel.";

*(b)* deur subartikel (10) deur die volgende subartikel te vervang:

"(10) Die raad kan 'n aansoeker na goeddunke van die bepalings van subartikel (5)*(c)* vrystel indien die raad oortuig is dat sodanige aansoeker voldoen aan die voorgeskrewe vereistes ten opsigte van sodanige lugvaartuig en die betrokke lisensie uitreik of wysig onderworpe aan die voorwaardes wat die raad dienstig ag betreffende die bedryf en instandhouding van daardie lugvaartuig."; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(14) *(a)* Indien 'n aansoeker 'n lasgewing in subartikel (3)*(a)* beoog om voor die raad op 'n vergadering te verskyn, verontagsaam of by twee opeenvolgende geleenthede versuim om te verskyn sonder om aanvaarbare redes aan die raad te verskaf, of indien 'n aansoeker versuim om op 'n versoek in subartikel (3)*(a*A*)*(i) beoog, te reageer, en daardeur die finale beslissing van sodanige aansoek vertraag, kan die raad na goeddunke gelas dat die aansoek van die rol geskrap word waarop die aansoeker die aansoekgelde wat betaal is, verbeur.

*(b)* Indien 'n aansoek ingevolge paragraaf *(a)* van die rol geskrap word, word die aansoeker nie toegelaat om op dieselfde stukke voort te gaan nie, maar moet 'n nuwe aansoek ingedien word indien hy of sy daarmee wil voortgaan.".

**Wysiging van artikel 22 van Wet 60 van 1993**

**6.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die lisensiehouer—

*(a)* stel die Kommissaris van Burgerlugvaart op die voorgeskrewe wyse in kennis voordat enige verandering van die besonderhede op sy of haar bedryfsertifikaat in werking gestel word;

*(b)* furnish the council within the prescribed period with the prescribed statistical information;

*(c)* keep his, her or its licence and operating certificate in a safe place and produce such licence and operating certificate to an authorized officer or inspector for inspection if so requested by such officer or inspector; and

*(d)* notify the council in **[the prescribed manner-**

(i)] writing of any prescribed change **[regarding the particulars referred to in section 15(3) or the requirements referred to in section 17(5); or**

**(ii) of any curtailment, abandonment or extension]** to the operation of the international air service concerned or any part thereof,

and such notice shall reach the council at least 14 days before such change **[curtailment, abandonment or extension]** is effected.".

**Amendment of section 23 of Act 60 of 1993**

**7.** Section 23 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection;

"(1) **[An]** Unless otherwise decided by the Commissioner for Civil Aviation, and subject to such conditions as he or she may determine, an application for a permit shall be made to the Commissioner for Civil Aviation on the prescribed form.".

**Amendment of section 24 of Act 60 of 1993**

**8.** Section 24 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Any person may in writing address representations in the prescribed manner to the Commissioner for Civil Aviation against or in favour of such application within 28 days after the publication of the notice referred to in subsection (1), or such longer period as the Commissioner for Civil Aviation may allow on good cause shown.".

**Amendment of section 25 of Act 60 of 1993**

**9.** Section 25 of the principal Act is hereby amended by the substitution, in the Afrikaans text, for paragraph *(a)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(a)* 'n bestaande lisensiehouer 'n internasionale lugdiens oor dieselfde roete bedryf as waarvoor by die **[raad]** Kommissaris van Burgerlugvaart ingevolge artikel 23(1) of (2) aansoek gedoen word; of".

**Amendment of section 28 of Act 60 of 1993**

**10.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (1) of the word "and" at the end of paragraph *(b)* and the addition to the said subsection of the following paragraph:

"*(d)* the permit holder shall communicate on arrival at any airport in the Republic the particulars of the permit to the manager of the airport.".

**Substitution of section 30 of Act 60 of 1993**

**11.** The following section is hereby substituted for section 30 of the principal Act:

**"Application for operating certificate and approval of operations manual**

**30.** (1) A licensee shall apply to the Commissioner for Civil Aviation on the prescribed form for the issuing of an operating certificate.

(1A) A licensee shall apply to the Commissioner for Civil Aviation in the prescribed manner for the approval of an operations manual.

*(b)* verskaf binne die voorgeskrewe tydperk die voorgeskrewe statistiese inligting aan die raad;

*(c)* bewaar sy of haar lisensie en bedryfsertifikaat op 'n veilige plek, en toon sodanige lisensie en bedryfsertifikaat aan 'n gemagtigde beampte of inspekteur vir inspeksie indien daarom versoek deur sodanige beampte of inspekteur; en

*(d)* stel die raad skriftelik **[op die voorgeskrewe wyse—**

**(i)]** van enige voorgeskrewe verandering **[betreffende die besonderhede in artikel 15(3) bedoel of van die vereistes in artikel 17(5) bedoel; of**

**(ii) van enige inkorting, afstanddoening of uitbreiding]** van die bedryf van die betrokke internasionale lugdiens of enige gedeelte daarvan,

in kennis, en sodanige kennis moet die raad bereik minstens 14 dae voordat sodanige verandering **[inkorting, afstanddoening of uitbreiding]** in werking gestel word.".

**Wysiging van artikel 23 van Wet 60 van 1993**

**7.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **['n Aansoek]** Tensy die Kommissaris van Burgerlugvaart anders besluit, en onderworpe aan die voorwaardes wat hy of sy bepaal, word 'n aansoek om 'n permit **[word]** op die voorgeskrewe vorm by die Kommissaris van Burgerlugvaart gedoen.".

**Wysiging van artikel 24 van Wet 60 van 1993**

**8.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Enige persoon kan, binne 28 dae nadat die kennisgewing in subartikel (1) bedoel, gepubliseer is, of sodanige langer tydperk as wat die Kommissaris van Burgerlugvaart by die aanvoer van goeie gronde toelaat, op die voorgeskrewe wyse skriftelike vertoë tot die Kommissaris van Burgerlugvaart teen of ten gunste van sodanige aansoek rig.".

**Wysiging van artikel 25 van Wet 60 van 1993**

**9.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur, in die Afrikaanse teks, paragraaf *(a)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* 'n bestaande lisensiehouer 'n internasionale lugdiens oor dieselfde roete bedryf as waarvoor by die **[raad]** Kommissaris van Burgerlugvaart ingevolge artikel 23(1) of (2) aansoek gedoen word; of".

**Wysiging van artikel 28 van Wet 60 van 1993**

**10.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woord "en" aan die einde van paragraaf *(b)* te skrap en die volgende paragraaf by genoemde subartikel te voeg:

"*(d)* die permithouer by aankoms op enige lughawe in die Republiek die besonderhede van die permit aan die bestuurder van die lughawe verstrek.".

**Vervanging van artikel 30 van Wet 60 van 1993**

**11.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Aansoek om bedryfsertifikaat en goedkeuring van bedryfshandleiding**

**30.** (1) 'n Lisensiehouer doen op die voorgeskrewe vorm aansoek by die Kommissaris van Burgerlugvaart om die uitreiking van 'n bedryfsertifikaat.

(1A) 'n Lisensiehouer doen op die voorgeskrewe wyse om die goedkeuring van 'n bedryfshandleiding by die Kommissaris van Burgerlugvaart aansoek.

(2) An application in terms of subsection (1) shall be accompanied by the prescribed particulars and documents.".

**Amendment of section 40 of Act 60 of 1993**

**12.** Section 40 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(e)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(e)* uses **[or permits to be used]** a licence, permit, operating certificate or other document issued under this Act of which he, she or it is not the holder;";

*(b)* by the insertion in subsection (1) after paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e*A*)* permits a licence, permit, operating certificate or other document issued under this Act of which he, she or it is the holder, to be used by any other person;";

*(c)* by the addition to subsection (1) of the following paragraph:

"*(g)* uses an aircraft which is being used in operating an international air service in contravention of the terms of an exemption granted to him, her or it under section 13(7),"; and

*(d)* by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(b)* in the case of an offence referred to in subsection (1)*(b)*, *(d)*, *(e)*, **[or]** *(e*A*)*, *(f)* or *(g)*, be liable to a fine, or to imprisonment for a period not exceeding five years.".

**Amendment of section 43 of Act 60 of 1993**

**13.** Section 43 of the principal Act is hereby amended by the insertion in subsection (1) after paragraph *(f)* of the following paragraphs:

"*(f*A*)* the circumstances under which, and the persons to whom, exemption may be granted from the requirement to pay the appropriate fee in respect of an application for a permit;

*(f*B*)* the manner and form in which an application for a tour operator's permit shall be addressed to the Commissioner for Civil Aviation;

*(f*C*)* the criteria according to which an application for a tour operator's permit shall be considered, and the adjudication of such application;

*(f*D*)* the issuing of a tour operator's permit and the period of validity of such permit;

*(f*E*)* the carrying out of in-flight inspections;".

**Short title and commencement of certain provisions**

**14.** This Act shall be called the International Air Services Amendment Act, 1996, and sections 4, 8, 11 and 13 shall be deemed to have come into operation on 15 April 1994.

(2) 'n Aansoek ingevolge subartikel (1) word deur die voorgeskrewe besonderhede en dokumente vergesel.".

**Wysiging van artikel 40 van Wet 60 van 1993**

**12.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(e)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* 'n lisensie, permit, bedryfsertifikaat of ander dokument kragtens hierdie Wet uitgereik waarvan hy of sy nie die houer is nie, gebruik; **[of toelaat dat dit gebruik word; of]**";

*(b)* deur in subartikel (1) na paragraaf *(e)* die volgende paragraaf in te voeg:

"*(e*A*)* toelaat dat 'n lisensie, permit, bedryfsertifikaat of ander dokument kragtens hierdie Wet uitgereik waarvan hy of sy die houer is, deur 'n ander persoon gebruik word;";

*(c)* deur in subartikel (1) die volgende paragraaf by te voeg:

"*(g)* 'n lugvaartuig wat in die bedryf van 'n internasionale lugdiens gebruik word in stryd met die voorwaardes van 'n vrystelling wat kragtens artikel 13(7) aan hom of haar verleen is, gebruik,"; en

*(d)* deur paragraaf *(b)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* in die geval van 'n misdryf in subartikel (1)*(b)*, *(d)*, *(e)*, **[of]** *(e*A*)*, *(f)* of *(g)* bedoel, met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.".

**Wysiging van artikel 43 van Wet 60 van 1993**

**13.** Artikel 43 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) na paragraaf *(f)* die volgende paragrawe in te voeg:

"*(f*A*)* die omstandighede waaronder, en die persone aan wie, vrystelling van die vereiste om die toepaslike gelde ten opsigte van 'n aansoek om 'n permit te betaal, verleen kan word;

*(f*B*)* die wyse waarop en vorm waarin 'n aansoek om 'n toeroperateurspermit aan die Kommissaris van Burgerlugvaart gerig moet word;

*(f*C*)* die maatstawwe waaraan 'n aansoek om 'n toeroperateurspermit beoordeel word, en die beslissing oor sodanige aansoek;

*(f*D*)* die uitreiking van 'n toeroperateurspermit en die geldigheidsduur van sodanige permit;

*(f*E*)* die uitvoer van vluginspeksies;".

**Kort titel en inwerkingtreding van sekere bepalings**

**14.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Internasionale Lugdienste, 1996, en artikels 4, 8, 11 en 13 word geag op 15 April 1994 in werking te getree het.

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—10000
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—10000